Naskool 2019

Dinky Naskool is n tuiste weg vanaf die huis. Hier kry kinders die geleentheid om net kind te wees tussendeur tuiswerk, sport en ander verpligtinge.

Dinky naskool is nie net daar vir toesig terwyl ouers werk nie, Dinky Naskool is n ekstra hand vir ons ouers, om meer beheer oor hul skoolgaande kinders se tuiswerk, sport en ontspanning te hê. Die uitdagings en die druk van die lewe maak kwaliteit gesinstyd n uitdaging, en help ons graag hiermee deur seker te maak dat tuiswerk so ver moontlik afgehandel is wanneer dit tyd is om huis toe te gaan.

Ons het n uitstekende span personeel wat sorg dat elke kind se tuiswerk met liefde, aandag en geduld voltooi word. Saam met die ouers volg ons intensief die toetsreekse, eksamens, en buitemuurs om sodoende te verseker dat nie julle of ons onverwags verras word!

Graad R

Afhaaltyd: 13h00

Wat n wonderlike nuwe ondervindig! Graad R en naskool sommer so saam. Twee nuwe groot dinge in klein mensies se lewens. Vir baie ouers is dit n groot stap om hul waardevolste besitting in "transito" te plaas van een skool soggend na n ander vir naskool. Ek kan julle egter die versekering gee dat ons baie mooi na jul liefdes sal omsien en hulle veilig oor die pad sal neem na die naskool perseel.

Kleingoed word by hulle wagklassie op die Gr R perseel afgehaal, en van dag een af gestruktureerd na die naskool geneem. Hier is ons baie streng op n netjies rytjie en geen geselsies totdat almal veilig oor die pad is nie.

Maats wat naskool aktiwiteite doen, word afgehaal by die betrokke klassies deur die naskool personeel. Geen kind word deur mede skoliere of maats afgehaal nie.

Gr R'e ontspan heerlik na middag ete met lyfierustyd voordat ons die middag aanpak met hope pret, speel en ontspan.

Graad 1, 2 en 3

Afhaaltyd: 13h30

Al die kinders wag vir ons op die skool perseel waar hulle afgehaal sal word deur n naskool personeellid en veilig onder toesig oor die pad geneem sal word.

Na skool trek hul rustig uit in hul betrokke aantrek kamers, geniet middag ete en maak dan gereed om 14h15 met die dag se tuiswerk te begin saam met hulle eie naskool juffrouens. Sodra tuiswerk volledig gedoen is, kan hulle heerlik saam met die gr R'e gaan ontspan indien daar nie ander buitemuurs op hul dagprogram is nie.

Graad 4+

Afhaaltyd: 13h45

Al die kinders wag vir ons op die skool perseel waar hulle afgehaal sal word deur n naskool personeellid en veilig onder toesig oor die pad geneem sal word.

Na skool trek hul rustig uit in hul betrokke aantrekkamers, geniet middag ete en maak dan gereed om 14h15 met die dag se tuiswerk te begin saam met hulle eie naskool juffrou. Sodra tuiswerk volledig gedoen is, kan hulle heerlik buite of binne ontspan indien daar nie buitemuurs op hul dagprogram is nie.

Graag 4 en ouer se tuiswerk is heelwat meer veral omrede hulle ook met toetsreekse en eksamens begin. Hiervoor word voldoende tyd ingeruim en word die kinders te alle tyd bygestaan met daaglikste opsom en inskerp werkies. Die perseel verleen hom daartoe dat daar gedurende eksamen in stilte in n aparte studie vertrek geleer kan word indien nodig.

Ontspanning:

Kinders kan na afloop van tuiswerk heerlik speel en ontspan buite of in die ontspanningslokaal wat daar spesiaal vir hulle is om te geniet.

Die ontspanningslokaal sal oor die volgende beskik:

- Blokkies& blokbou
- Leeshoekie
- Fantasie spel
- Kuns hoek
- Bordspel area

Naskool span:

Ons personeel is hier omdat hulle hier wil wees. Vir hulle is kinders n passie en nie net n inkomste nie. Hoewel dit vir ons ongelooflik belangrik is dat kinders ook tyd moet kan hê om net kind te wees, handhaaf ons n goeie balans tussen tuiswerk, sport en vryspel. Kinders floreer op orde, roetine en struktuur. Ons kombineer hierdie 3 goue reëls met hope lag en vrolikheid om n wenspan te maak!

Koste:

Jaarlikse registrasie: R350 per naskool gesin (afsonderlik vanaf Dinky Dots kleuterskool)
Deposito: NVT
Naskool 2019: R1450 per maand
Vakansie: Dinky is elke vakansie oop behalwe vir n tydeperk gedurende die Desember vakansie. Kostes is ingesluit by maandfooie. Junie/Julie vakansie vra ons wel R100 per kind additioneel vir ekstra lekker aktiwiteite wat aangebied word omrede die vakansie so lekker lank is

Tye: Naskool tot en met 17h30 / Vakansies 6h45 – 17h30. Dinky Dots is gesluit op publieke vakansie dae.

Let asb daarop dat Dinky Dots gesluit sal wees op alle openbare vakansie dae asook op n Vrydag en/of Maandag indien die dag voor of dag na hierdie dae n openbare vakansie dag is.

Wat behels die naskool:

- Oplaai van kinders by Garsfontein Laerskool
- Toesig na skool
- Toesig gedurende vakansie
- Gee van middagete en middag happie.
- Tuiswerk na skool
- Sport wat by Garsfontein aangebied word gedurende skool kwartale vanaf Maandag – Donderdag.
- Alternatiewe sport moet vooraf bepreek word met myself, Estelle Mocke

Algemeen:

- Julle as ouers moet jul kind se klas juffrou in kennis stel dat ons hulle kom oplaai. Gee dus die nodige toesteming
- Gr R'e word by hulle klasse om 13hoo opgelaai. Hulle bly in wagklas totdat ek en of juff Zelda hulle daar kom haal.
- Gr 1+ gaan na skool direk na die uitgewysde wagpunt, waar ons hulle sal ontvang.
- *Baie belangrik:* kinders moet asb nie na skool eers gaan uittrek of snoepie toe gaan nie – dit veroorsaak groot onophoud. Ons trek by Dinky Dots uit en nuttig daar middag ete.

Tuiswerk:

Personeel is beskikbaar tot en met 16h30 om om te sien na kinders se tuiswerk. Maats wat tot en met 16h30 aan sport deelnaam en nie voor sport tuiswerk kon afhandel nie word versoek om dit asb tuis klaar te maak.

Buitemuurs:

Elke ouer moet my per e-pos in kennis stel van alle buitemuurs waarheen hul kind-/ders geneem moet word. Reel ook asb betyds en nie die oggend of middag voor die tyd nie. Inligting wat ek benodig:

- Dae van die week
- Tyd
- Persoon wat buitemuurs aanbied bv juffrou of meneer se naam
- Kwartaal wat die sport aangebied word. Bv hele jaar of net 1ste en 2de kwartaal
- Plek – PRESIES!!! (ons ry baie kinders rond en kan ek a g v tyd ongelukkig nie oral op die skoolterrein gaan soek na waar die sport aangebied word nie.
- Geen buitemuurse word op Vrydae aangebied nie & nie later as 13h45 by die laerskool opgelaai op n Vrydag nie.
- Die laatste op en aflaai tye vir buitemuur is om 16h30. Hierna moet ouers asb kinders gaan oplaai of aflaai by n aktiwiteit wat later begin of klaarmaak
- Buitemuurs wat nie by die skool aangebied word nie, moet ouers asb self vervoer reelings tref. Slegs Dinky Dots maats wat voor 20 September 2017 deur ons na ander areas aangery was vir buitemuurs sal so voort doen.
- Tuiswerk hulp en toesig net tot 16h30

Dissipline:

Dinky Naskool neem kinders van verskeie ouderdomme in. Gr R tot Gr 7.
Dit is baie belangrik dat u as ouer besef dat hierdie aspek meebring dat ons baie streg t o v dissipline is ter wille van kleiner maats, speelgoed en apparaat. Afknouery, fandalisme en disrespek word nie toegelaat nie. Dinky is n plek waar al ons maats tuis, geborge en gelukkig moet voel.

Etes:

Ons kook ongelukkig nie middag etes nie, maar die kinders ontvang heerlike vars tuisgemaakte bunnies met gesonde "fillings" wat altyd bestaan uit protiene en/of kaas. Chicken mayo, maalvleis, ham&kaas, warmbrakkie en maalvleis vetkoeke. Die broodjies is die hele middag beskikbaar asook vrugte.

Dinky Dots lê my baie naby aan die hart! Ek is altyd hier vir julle as my ouers! Indien u meer inligting benodig, vra gerus.

Groete

Estelle Mocke
Eienaar / Skoolhoof
+27 83 444 7240

www.dinkydotskleuterskool.co.za
"Ons gee om!"